
KONSTITUSIE VAN GOUDVELD MULTI-SPORT

1. NAAM VAN KLUB:

Goudveld Multi-sport (hierin later na verwys as die Klub)

2. KLEURE VAN DIE KLUB:

'n Groen frokkie met wit strepe langs die sye en 'n swart kortbroek.

3. OOGMERKE VAN DIE KLUB:

Goudveld Multi-sport bestaan uit drie dissiplines nl. PADWEDLOPE, FIERSRY en DRIEKAMP.

Die oogmerk van di3e Klub is :

- 3.1. Om sport in die Goudveld te bevorder.
- 3.2. Om Goudveld Multi-sport te bevorder tot voordeel van al sy lede.
- 3.3. Om die regte die Klub se lede te beskerm.

4. AFFILIASIE:

Die Klub sal geaffilieer wees by enige sport dissipline wat aansoek doen en aan Goudveld Multi-sport se vereistes voldoen, en die inhoud van elke sport dissipline se konstitusie sal ten alle tye onderworpe wees aan die goedkeuring van sodanige sport se Nasionale reëls en vereistes.

5. LIDMAATSKAP :

5.1. Lidmaatskap kan bekom word deur:

5.1.1. Aansoekvorm om lidmaatskap in te vul.

5.1.2. Betaling van lidmaatskapfooi.

5.1.3. Alle aansoeke om lidmaatskap moet voorgestel en gesekondeer word deur bona fide klublede en moet dan deur 'n meerderheidstem van die Uitvoerende Komitee aanvaar of afgekeur word.

Indien 'n applikant afgekeur word, is dit nie nodig dat enige rede vir sodanige besluit verskaf word nie.

5.2. Lidmaatskap mag om een van die volgende redes beëindig word:

5.2.1. Bedanking;

5.2.2. Nie-hernuwing van lidmaatskap binne 3 (drie) maande;

5.2.3. Dissiplinêre aksie deur die Uitvoerende Komitee.

- 5.3. Bedankings moet skriftelik wees en gerig word aan die Sekretaris, wie 'n kwytskeldingsbrief aan uittredende lid sal oorhandig indien die lid se intekengeld ten volle opbetaal is.

6. INTEKENGELD

- 5.1. Die jaarlikse intekengeld vir alle lede sal van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee hersien word maar ten alle tye sal dit 'n registrasiefooi, betaalbaar aan die spesifieke dissipline insluit.
- 5.2. Die skatkisjaar sal van Januarie tot Desember wees. Indien bestaande lede nalaat om hul intekengeld binne die eerste 3 (drie) maande van die jaar te betaal, sal hul lidmaatskap verval.

7. KOMITEE:

Enige lid mag as lid van die Uitvoerende Komitee genomineer of gekoöpteer word.

7.1. Uitvoerende Komitee:

Die uitvoerende Komitee sal bestaan uit die volgende lede wat op die Jaarvergadering gekies is:

Voorsitter van elke sport dissipline wat geaffilieer het.

Sekretaris van elke dissipline.

Tesourier van elke dissipline.

Uit bogenoemde lede sal daar 'n uitvoerende voorsitter, sekretaris en tesourier verkies word. Die oorblywende drie lede sal die res van die uitvoerende komitee opmaak.

7.2. Kaptein:

Die Klubkaptein en Onderkaptein mag gekies word uit die lede van die Uitvoerende Komitee.

7.3. Ere-President:

Die Ere-President mag ook gekies word.

7.4. Dagbestuur:

Die Dagbestuur sal bestaan uit die volgende lede:

Voorsitter

Sekretaris

Tesourier

7.5. Pligte en Magte van die Uitvoerende Komitee:

Behalwe vir die pligte wat toegeken is aan elke pos, sal die Uitvoerende Komitee ook oor die volgende pligte en magte beskik:

- 7.5.1. Om alle klubbyeenkomste te koördineer en toesig te hou en te verseker dat die nodige opgeleide beamptes teenwoordig is;

- 7.5.2. Om die finansiële sake en bates van die Klub te beheer;
- 7.5.3. Om rekord te hou van alle komiteevergaderings en jaarvergaderings;
- 7.5.4. Om 'n jaarverslag en balansstaat op te stel en goed te keur en om albei by die Jaarvergadering voor te lê;
- 7.5.5. Om een maal per jaar 'n Jaarvergadering te belê;
- 7.5.6. Om toe te sien dat alle gelde wat deur die Sekretaris/Tesourier ontvang word, in die Klub se bankrekening inbetaal sal word;
- 7.5.7. Om toe te sien dat ten minste 2 (twee) van die volgende lede alle tjeks en dokumente namens die Klub te onderteken:
 - Voorsitter
 - Sekretaris
 - Tesourier
- 7.5.8. Om sekere van hul pligte aan die Dagbestuur oor te dra;
- 7.5.9. Om die reëls van die Klub te bepaal;
- 7.5.10. Om ooreenkomste namens die Klub te sluit en welke ooreenkomste deur die Voorsitter geteken mag word.

7.6. Hantering van Klub finansies:

- 7.6.1. Ten minste 2 (twee) van die volgende lede alle tjeks en dokumente namens die Klub onderteken;
- 7.6.2. Dat geen 2 (twee) lede van 'n gesin wat terselfdertyd op die Klub se bestuur dien, saam tekenregte op die tjekrekening en beleggings rekening mag kry nie.
- 7.6.3. Transaksies insake beleggings, moet ten alle tye deur al drie gemagtigde handtekeninge soos aangedui op die mandaat onderteken word.
- 7.6.4. Uitgawes anders as normale dag tot dag uitgawes, aangeleentehede, funksies, buitensporige herstelwerk aan klubhuis moet tydens die AJV of tydens 'n spesiale AJV bespreek en goedgekeur word.
- 7.6.5. Indien die klub oor beleggings beskik kan die fondse slegs na die lopende rekening oorgeplaas word vir gebruik met goedkeuring tydens die AJV of 'n spesiale AJV.

7.7. Pligte en Magte van die Dagbestuur:

Die pligte en magte van die Dagbestuur sal deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.

7.8. Verbeuring van Aanstelling:

Enige Komiteelid wat afwesig is van 3 (drie) agtereenvolgende vergaderings, sonder om die nodige verskonings aan 'n Komiteelid oor te dra, sal sy aanstelling verbeur.

7.9. Vakatures:

Die Uitvoerende Komitee het die reg om enige vakature, wat om enige rede hoegenaamd mag ontstaan, aan te vul totdat die volgende Jaarvergadering gehou word.

7.10. Kworum:

By alle vergaderings van die Uitvoerende Komitee sal 50 (vyftig) persent plus 1 (een) 'n kworum wees.

8. ALGEMENE JAARVERGADERINGS:

8.1. Jaarvergaderings:

Die Algemene Jaarvergadering sal gehou gedurende *Mei maand* van elke jaar om die Jaarverslag en balansstaat voor te lê en om dit goed te keur. 'n Nuwe Uitvoerende Komitee word gekies en algemene sake rakende die Klub word bespreek.

8.2. Stemming:

Stemming sal gedoen word by wyse van stembriewe. Die Voorsitter sal 'n beslissende en gewone stem hê.

8.3. Kennisgewing:

Elke lid van die Klub sal ten minste 3 (drie) weke voor die vasgestelde datum 'n skriftelike kennisgewing ontvang van die Algemene Jaarvergadering wat gehou sal word.

8.4. Spesiale Algemene Jaarvergadering:

'n Spesiale Algemene Jaarvergadering kan belê word deur die Sekretaris, op versoek van die Voorsitter, of 'n skriftelike versoek van ten minste 10 (tien) lede van die Klub. Die Sekretaris sal dan 'n spesiale Algemene Vergadering reël binne een en twintig dae na ontvangs van so 'n versoek.

8.5. Maandelikse Vergaderings:

Die Uitvoerende Komitee sal ten minste een keer per maand vergader om die sake van die Klub te bespreek en waartydens 'n finansiële verslag deur die Tesourier voorgelê sal word.

9. OORTREDING VAN DIE REËLS:

9.1. Enige lid wat skuldig is aan oortreding van die reëls van die Klub, of weens wangedrag, mag gedissiplineer/ geskors word deur die uitvoerende Komitee.

9.2. Indien 'n lid gedissiplineer word deur die instel van dissiplinêre aksie teen hom/haar, mag hy/sy die reg hê om daarteen te appelleer.

- 9.3. 'n Lid teen wie dissiplinêre aksie ingestel is, mag 7(sewe), nadat hy/sy deur die Uitvoerende Komitee in kennis gestel is van sodanige dissiplinêre aksie, skriftelik daarteen appelleer, by gebreke waarvan die dissiplinêre aksie uitgevoer word.

10. WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE:

Hierdie konstitusie mag slegs gewysig word by 'n Algemene Jaarvergadering en die wysiging sal slegs aangebring word indien die Sekretaris/Tesourier ten minste 2 (twee) weke skriftelike kennis ontvang van enige voornemende wysigings.

Die Agenda in terme waarvan die voorgestelde wysigings aan die Konstitusie uiteengesit word, sal aan die Klub gepos word ten minste 10 (tien) dae voor die Algemene Jaarvergadering.

Hierdie konstitusie is goedgekeur tydens **Spesiale Klubvergadering op 20 /09/ 2014**

Voorsitter **Philip Mc Laren** Datum **20 September 2014**

President **Louis Massyn** Datum **20 September 2014**